# Die wapenrusting!

**Swaard van die Gees**
Dit is die Woord van God. Die Bybel is ons wapen. As ons mense vertel wat in die Bybel staan, sal die Heilige Gees vir hulle help om die slegte dinge reg te maak.

**Helm van Verlossing**
Sit die Helm op om te glo dat Jesus dood gegaan het vir my sonde en weer opgestaan het

**Die Skild van Geloof**
Geloof om te weet God sal Sy beloftes hou, Die Skild van Geloof skiet die pyle van die bose weg




**Borswapen van Geregtigheid**
Geregtigheid is om eerlik, nederig en regverdig te wees teenoor mense. Om op te staan vir ander mense

**Die Gordel van Waarheid**
Die waarheid help ons om nie die wêreld se verkeerde dinge te glo nie. Meet alles aan God se Woord

**Skoene van Bereidheid**
Ons moet in God se Wil loop, al is dit soms moeilik. Jesus sê dat mense wat vrede maak, geseënd sal wees

**Efesiers 6 : 11 - 18**
Ek trek die volle Wapenrusting van God vir my aan, sodat ek weerstand teen die bose kan bied en staande kan bly:

*ons heupe omgord met die waarheid,*
*die borswapen van die geregtigheid,*
*skoene van bereidheid vir die evangelie van vrede,*
*sie skild van die geloof om die vurige*
*pyle van die bose uit te blus,*
*die helm van verlossing en*
*die swaard van die Gees (Woord van God)*

Opdrag: Behandel God se wapenrusting. Soos julle elke dag 'n deel van die wapentoerusting behandel kleur dit in. Hierdie Bybel takie behandel ons die hele week lank. Behandel dit soos volg:

Maandag: Die helm van verlossing en die swaard van die gees.

Dinsdag: Die skild van geloof.

Woensdag: Borswapen van geregtigheid.

Donderdag: Die gordel van waarheid.

Vrydag: Skoene van bereidheid

